

Pretoria- 28 Augustus 2011 (Nagmaal) 2 September 2011-(Oase-stigting)

Skriflesing: Esegïel 37:15-28

Teks: **Esegïel 37:16-17**

Sing- Ps. 98:1,3; Ps.19:4; Ps.84:5; Ps. 23:3; Ps.116... Ps. 119:22,29

As ons hierdie gedeelte uit Esegïel lees, broeder en suster, dan kan ons nie vir 'n oomblik wegbeweeg van wat God vir sy volk Israel gegee het nie. Daar het in Israel plaasgevind wat ons die wedergeboorte van Israel kan noem. Vanaf Esegïel 33 is daar hierdie groot tema dat God die Wagter oor Israel ook groot veranderinge gaan bring. So loop God met Israel 'n besondere pad. Ons as gelowiges, as kerk van die Here, as geestelike Israel (wat vanoggend wil Nagmaal vier) laat ons werklik raaksien hoe God deur Esegïel Homself openbaar. Hfst. 1-24 (wat ons vir 'n lang tyd in 'n reeks preke hanteer het) wys hoe hierdie volk van die Here al dieper en dieper weggesink het. Hulle het al meer hulle rug op die Here gedraai en niemand wou luister wat Esegïel vir hulle so duidelik uitgespel het nie!

Die vermanings van Esegïel het dreigemente geword, maar selfs die grootste dreigemente het geen verandering gebring nie en so het daar verwoesting gekom. Die stad en die tempel is verwoes, daar het van alle kante aanval op aanval plaasgevind. So kan ons hfst.25-32 ook maar in Esegïel gaan lees. In hierdie tweede deel van Esegïel wys die Here nie net hoe die nasionale Israel 'n ondergaande Israel geword het nie, maar verskeie ander volke het slag op slag gewys met God moet daar rekening gehou word, al erken hulle nie dat die Here, die enige HERE, dat Hy alleen God is nie. God sou verskeie ander volke, almal volke rondom Israel, teen die volk Israel stuur – die Ammoniete, die Moabiete, die Edomiete, die Filistyne, Sidon, Tirus, die Egiptenaars, almal van hulle deel in die verwoesting van Israel, dit doen hulle met groot leedvermaak.

In al agt hierdie hoofstukke het God nie net teenoor Israel Hom as Koning geopenbaar wat vir Israel tot teen die grond kon afbreek nie, maar al die nasies rondom Israel, alle volke wat hulle oor die ellende van Israel sou verlekker, daar sou met elk van daardie volke weer op hulle beurt afgereken word. Die ellende wat jou en my kan tref om jou oor ander se swaar te verlekker kan 'n groter ellende word as dit wat die oorspronklike ellende was!

Broeder en suster, dan begin hfst. 33, die derde hoofdeel van hierdie lang profesie wat deurloop tot hfst. 39 en die aangrypende van hierdie ses hoofstukke is die feit dat Israel word herstel. Die Here is die Wagter op die Sionsmure wat in sy groot genade 'n nuwe Israel voorberei. Die nuwe Israel moet ons besef sal uit al die nasies oor die wêreld

Pretoria- 28 Augustus 2011 (Nagmaal) 2 September 2011-(Oase-stigting)

bymeakaargemaak word, waar die Here sou oprig 'n nuwe geestelike priesterdom, met 'n koninkryk wat strek oor al die koninkryke van die aarde. Dit wat die Here nou van Israel maak is die weder-oprigting van sy kerk, soos ons dit in 1 Pet.2:9 ook lees- ons wat Nagmaal mag vier- ons mag onself noem- *julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig-* Dit wat Petrus deur die Gees skrywe is wat Esegïël baie lank voor Petrus op besondere wyse sal sien-ook v.10- *julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.*

Die laaste 8 hoofstukke (hfst. 40-48) wys dan ook hoe die Here vir die nuwe Israel 'n heilstaat sal oprig. Vir die kerk van die Here het dit so 'n ryke betekenis, waarop ons nie nou dieper kan ingaan nie. Ons word heeltyd getref deur die wyse waarop die Here werk. Die taak van die herders- (hfst. 34) dit alles kom in diens van hoe God, die Opperherder, in die bestaan van sy kinders dit duidelik maak dat die toestand van die land as sodanig en die toestand van Israel as herbore volk kan nie geskei word nie. Daar is baie duidelik sprake van 'n nasionale eenheid wat die Here weer in Israel gaan teweegbring. Met hierdie hernuwing tot eenheid gaan dit ten diepste dat ons as gemeenskap van heiliges ons in hierdie eenheid laat ken. Dit is 'n eenheid wat ons vanoggend (by die tafel van die Here) duidelik voor ons moet sien.

Hoe belangrik is hierdie eenheid vir die Here? Laat daar by ons geen twyfel wees soos wat die eenheid van God aan ons geopenbaar word dat die Drie-Enige God is waarlik net een God, Hy in sy eenheid, Hy werk déúr na sy kinders dat daar by ons ook eenheid moet wees. Die Woord van God wat hier voor ons oopgemaak is, dit is nie 66 los boeke nie, al is dit verskillende boeke, maar doelbewus moet ons die Woord van God altyd in sy eenheid sien. Dit is baie belangrik dat ons dit só moet doen. God het nie 'n versplinterde en gefragmenteerde openbaring aan ons gegee nie. Daarom die één openbaring van die één God werk in 'n eenheid. 'n Eenheid wat voortdurend waardeer moet word en bely moet word. Die belangrikheid van die één openbaring van God, dit wat ons as die Woord van God bely, so belangrik soos die eenheid van God se Woord mag wees, so moet die ware kerk as geloofsgemeenskap hierdie eenheid in Esegïël saamvat. Daar is vir die gemeenskap van heiliges, soos ons vanoggend aan die tafel mag kom 'n eenheid wat gedien moet word.

Pretoria- 28 Augustus 2011 (Nagmaal) 2 September 2011-(Oase-stigting)

Daardie twee hout, waar daar op die een hout geskrywe moes word- *vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote*- let baie goed op hierdie byvoegsel, SY BONDGENOTE- en dan moes Esegïël op 'n ander stuk hout skrywe- *vir Josef ...en die hele huis van Israel...* weer met die baie belangrike byvoegsel- *sy bondgenote...* Dan ontvang Esegïël die aangrypende opdrag, konkreet kan ons dit voor ons sien, gestel dié stuk hout lê in sy lengte deurgekloof, die twee helftes lê daar los vanmekaar, ek kan hulle in aparte hande hou, maar Esegïël ontvang baie duidelik die opdrag- *Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle een word in jou hand.* Hier is sprake van 'n baie duidelike eenheid wat die Here hier in die bestaan van sy kinders verlang.

Dit is wat ons hier in Esegïël sien gebeur. As God die wedergeboorte skenk- die begin van hierdie hoofstuk- soos dit aan Israel geteken word dat hulle as kerk werklik dood was. Hulle het alreeds soos 'n dooie liggaam gelê en vergaan, oral het daar uitgedorde bene in die laagte verstrooi gelê! Op aangrypende wyse word vir ons gewys hoe die Gees van God tussen die verstrooide doodsbeendere inbeweeg het, nadat God gevra het of hierdie bene weer lewendig kan word? Daar is geen sprake dat 'n mens daardie bene weer lewendig kon maak nie. Alleen God kon dit doen! Die Here het dit gedoen. Been na been beweeg ná mekaar, selfs die senings en die stukke vleis word ingevoeg dat dit 'n saamgevoegde lewende liggaam kan wees. So seker soos wat God daardie lewe weer in die bene kon terugplaas, so moet daar ook die eenheid wees. Lewe in 'n eenheid is wat ons hier voor ons moet sien en waarin ons Nagmaal moet vier.

Ons moet nie oor die eenheid wat God van ons eis, slim praatjies wil hou nie. Israel wat vir geslagte al só in twee geskeur was, die Noordelike ryk en Suidelike ryk. Hulle sou maklik kon redeneer, ag dit hoort so, ons verskil nou maar eenmaal so baie van mekaar, moet ons nie bymekaar probeer bring nie. Vir eeue was ons so teenoor mekaar gestel asof dit maar so moet wees. Asof dit nie anders kan nie. Praat met ons oor ander dinge, maar moet nie dink ons kan weer één word nie! Daar het Esegïël dit nou anders moes wys. Presies dit wat die Here van hulle eis. Eenheid! Elke stuk hout met sy naam nog daarop, die name val nie skielik weg nie. Daar kom spesifiek nog by die groter getal- die naam met sy bondgenote, dit is die lewende verbond wat nou werk, maar hierdie hout moet *een word in jou hand!*

Pretoria- 28 Augustus 2011 (Nagmaal) 2 September 2011-(Oase-stigting)

Selfs het Esegïël hierdie hele saak moes herhaal, met dan die duidelike beklemtoning hoe God, die Een God hierdie eenheid tot volle openbaring wil bring. In verse 19-20 dan word dit eintlik herbeklemtoon- *So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal die stuk hout van Josef neem, wat in die hand van Efraim is, en die stamme van Israel, sy bondgenote, en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Juda, en hulle een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand.*²⁰ *So moet dan die hout waar jy op skrywe, in jou hand wees voor hulle oë...*

Die verskeurdheid wat daar in Israel was word deur hierdie simboliese gebaar opgehef. As die nuwe lewe, die wedergeboorte in die bestaan van Israel sy vrug dra dan moet ons as kerk besef die kerklike rykdom maar ook die volkere-implikasie wat vir ons gewys word. Die roeringe wat God daar in die vallei van baie doodsbeendere gebring het, niemand kon dit keer nie.

Daar is vir ons vandag oor die wêreld eendes heen baie dinge wat ons moet laat besef dat selfs die ontwaking van 'n volk se nasionale selfbewussyn is nie los te maak van die vashou van die hout nie. 'n Volk wat waarlik op selfbeskikking en sy nasionale bewussyn wil let kan dit alleen doen in terme van sy kerk-wees. 'n Volk kan nie volk wil wees, asof daar nie die hout is wat bymekaar moet kom nie. Ek mag nie volk wil wees, ten koste van iemand anders se kerk-wees nie. As my volk-wees die ander se kerk-wees bedreig en ek weier om kerklike eenheid oor volks grense heen te bely, dan verdien so 'n volk net so min soos hulle langer volk genoem mag, nog minder as hulle die hout nie in die een hand wil neem nie, dan is hulle ook nie kerk nie. Die één kerk wat ons vanoggend ook in sy eenheid bely het- met die baie belangrike woordjie 'N - *Ek glo aan 'n heilige algemene christelike kerk.* Één kerk wat heilig is, oor die wêreld heen, m.a.w. algemeen in alle volke verteenwoordig, waarlik christelik omdat Christus die ware kerk se enigste Hoof is.

Aan die ander kant, die ware kerk uit alle volke geneem wil nie kerk-wees los van die volke asof die verskillende volke nie langer mag bestaan nie. Juis in die bestaan van hulle dele, daardie name op die verskillende hout geskrywe, dit bly hulle name en hulle bondgenote het in hulle name gebly, maar die vernuwing wat Esegïël in hierdie hele hoofstuk kon sien, is die betekenis van ware eenheid as dit van God afkom. Nie die eenheid wat mense dink om dit hulleself te bekook nie! Esegïël wys dit vir ons baie duidelik een kant die dooie bene wat lewe kry. Daardie geweldige roeringe onder die bene, die aangrypende lewe tussen die bene,

Pretoria- 28 Augustus 2011 (Nagmaal) 2 September 2011-(Oase-stigting)

dit word die daarstelling van 'n kerk wat ons bely as die een gemeenskap van die heiliges wat vanoggend gaan Nagmaal vier.

So is dit God wat in Israel sy kerk weergebore laat word en hulle kom tot hulleself dan word hulle *een*. Dit wat ons as gemeente nou ook by hierdie Nagmaal mag ontvang. Wat baie anders lyk as die valse eenheid wat mense hulleself kan voorstel. Die eenheid wat maak asof kulture en nasionaliteite en volkslewe maar moet versmelt en nie mag bestaan nie. Dit is eintlik maar 'n voortsetting van die ou imperiale eenheid wat vanweë lang tye van imperiale oorheersing nog steeds die wêreld rond met 'n valse tipe eenheid wil oortuig en wil vestig. Ja, kom ons plaas dit maar waar ons die eerste trekke daarvan sien, by die bouers van die toring van Babel. Gen. 11 ... Die Here sê dan ook in v.6- *Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming*: Esegïël sou ook die verskil raaksien wat mense in eenheid vir hulleself naam wou maak- en dit nie meer gaan om die naam wat die Here ons wil gee en die naam wat die Here vir ons moet maak- soos dit in Genesis 12 wel met Abraham gebeur het nie- Daar plaas God al eintlik die houte in die hande van Abraham. God is een wat met Abraham hom sy naam gee en Abraham se naam maak. Watter magtige verskil lê daar tussen Genesis 11 en Genesis 12?! - waar die mens die eenheid wil maak OF waar God die eenheid maak... Daar waar God die houte in die hande wil plaas is dit anders as hoe mense dit doen.

Met daardie eenheid waarmee die Babel bouers wou werk deur alle eenheid grense te wil oorskry, wat beslis die gemeenskap van heiliges nie ken nie. Om een te wil wees, met hulle wat nie saam met jou in dieselfde juk kan trek nie, is tog eintlik dwaasheid. Hoe baie mense maak vandag asof 2 Kor.6 nie in God se Woord staan nie- *Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?* ¹⁵ *En watter ooreenstemming het Christus met Béliäl, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?* ¹⁶ *Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.* ¹⁷ *Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;* ¹⁸ *en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.* Hoe wonderlik om dan vanuit die houte, nie net die hout as

Pretoria- 28 Augustus 2011 (Nagmaal) 2 September 2011-(Oase-stigting)

eenheid in u hande te ontvang nie, maar mag dit God wees wat nou ook die brood en die wyn, met die eenheid daarbinne in ons hande plaas, uit die hand van Hom wat hierdie Nagmaal ingestel het.

AMEN